

Oorloop + Onsteking = Tenkplaas brand! (Deel 1)

September 2009

'n Groot stoortenk met vlambare vloeistof het oorgeloop. Niemand het die verspilling opgemerk nie, totdat 'n sekuriteitswag bewus geword het van 'n sterk reuk en dit gerapporteer het. Twee operateurs het met 'n voertuig gery om ondersoek in te stel. Binne minute na hulle aankoms was daar 'n harde ontploffing gevolg deur 'n brand. Die gevolgtrekking was dat die voertuig die vonk vir ontsteking veroorsaak het. Noodpersoneel het 'n dag en 'n half geworstel om die brand te blus wat deur die tenkarea versprei het.



Minstens twaalf mense moes hospitaal toe geneem word en daar was aansienlike skade aan toerusting. Die insidentondersoekspan het bevind dat operateurs besig was om die tenk vol te maak, onbewus daarvan dat die tenk se vlakmeter EN hoëvlakalarm gefaal het. Die operateurs het nie die volmaak van die tenk noukeurig dopgehou nie, omdat hulle onder die indruk was dat daar nog baie plek in die tenk was.

*Lees in die Oktober 2009 Beacon – Nog lesse te leer uit hierdie insident!
 Inligting oor die potensiaal van 'n motovoertuig as ontstekingsbron!*

Het jy geweet?

- Die oorloop van 'n tenk of reaktor was reeds die oorsaak van verskeie groot insidente in die chemiese nywerheid. Onlangse voorbeelde sluit in die ontploffing en brand by Texas City, Texas-rafinadery in Maart 2005 ('n distillasiekolom het oorgeloop), en die ontploffing en brand by Buncefield in Engeland in Desember 2005 ('n petrolstoortenk het oorgeloop).
- In verskeie oorloopinsidente was die faling van vlakmeters en vlakalarms belangrike bydraende oorsake



Wat ken ek doen?

- Wees bewus daarvan dat die oorplaas van vlambare vloeistof 'n gevaarlike taak is met ernstige gevolge as dinge verkeerd loop. Maak seker jy monitor sulke oorplasing noukeurig sodat jy vroegtydig bewus word en kan reageer op verspillings en lekke.
- Voordat jy met 'n oorplasing begin, moet jy seker maak dat daar plek is in die ontvangtenk vir die hoeveelheid vloeistof wat jy wil oorplaas. Monitor beide lewerings- en ontvangstenks se vlakke, temperature en drukke met gereelde tussenposes tydens die oorplasing en ondersoek enige onverwagte verandering.
- Beraam vooraf hoe lank die oorplasing behoort te neem en stel ondersoek in as dit langer neem, wanneer vloeistowwe oorgeplaas word.
- Maak elke stap van die oorplasingprosedure klaar voordat jy die volgende stap begin. Voltooi die rekords en teken die stappe af waar dit vereis word.
- As jy bewus is van kritiese instrumente of alarms in jou aanleg wat nie werk nie, moet jy dit dadelik rapporteer sodat dit herstel kan word.
- Volg op oor sulke gerapporteerde defekte, sodat dit so vinnig moontlik herstel word.

Moenie 10 liter vloeistof in 'n 5 liter houer probeer indruk nie!